# DIE GESKEURDE VALSKERM

## No 6. Spioenasie Reeks



**Gerrie Radlof**

## DIE GESKEURDE VALSKERM

*deur*

Dirk Lubbe

'n Russiese satelliet wentel om die aarde. Aan boord is 'n belangrike geheime „apparaat" wat, indien dit in sy doel slaag, 'n groot bedreiging vir die Weste sal inhou.

Dan loop dinge verkeerd en die satelliet stort in die Republiek van Suid-Afrika neer. 'n Span Russiese spioene wat in Suid-Afrika bedrywig is, word inderhaas aangesê om die „apparaat" te gaan verwyder, maar dié het intussen spoorloos verdwyn.

Hannes de Jongh, 'n jong Geheime Diens-agent van die Republiek, slaag daarin om op die spioene se spoor te kom en hul bedrywighede uit te snuffel, maar wanneer hy op die punt staan om sy ontdekkinge aan die Geheime Diens bekend te maak, word hy koelbloedig vermoor.

Maar Guntrof en sy bende het nie met die Profeet rekening gehou nie . . .

Gerrit Fourie alias die Profeet is weer op die oorlogspad en saai verwoesting onder 'n bende gewetenlose skurke.

*Die Geskeurde Valskerm* is Dirk Lubbe se sesde boek in hierdie gewilde reeks spioenasieverhale, en sal, soos die voriges, groot byval vind.

Prys R1.25

# I

HANNES DE JONGH probeer die versneller dieper intrap. Reeds is dit plat teen die vloer, maar sy voet druk hard daarop. Hy sit half geboë oor die stuurwiel. Die sweet slaan klewerig op sy palms uit. Met sy liggaamspanning probeer hy groter snelheid aan die motor verleen.

Kort-kort flits sy oë na die spieëltjie. Hy sien die ligte van verskeie motors op die reguit ent nasionale pad agter hom. As hy maar net weet watter een van hulle die Cadillac is, sal hy kan oordeel of daar vir hom geleentheid sal wees om reg te trap en iewers te probeer uitswenk. Hy laat vaar die gedagte. Solank hy maar net kan voorbly totdat hulle tussen mense kom, sal hy redelik veilig wees. Hulle sal dit nie durf waag om dan op hom los te brand nie.

Maar tog weet hy dat hulle hom nie die minste geleentheid sal gee om met enige lewende wese in aanraking te kom nie. Openlik sal hulle hom nie sommer aanrand nie — daarvoor is dit te belangrik dat hulle die geheim van hul bestaan bewaar. Maar nog belangriker is dit dat hy sy kennis aan niemand anders oordra nie. Dít sal hulle tot elke prys verhoed!

Toe hy oor 'n bult gaan, rol die nag soos 'n sluier oor die ligte van Bellville weg. Ver voor hom uit strek die flikkerende Kaapse Vlakte tot waar helderder ligstrepe om die dokke en aan die voet van Tafelberg

kruis en dwars soos op 'n moderne skildery vertoon.

Hy moet aanvaar dat hy nie die geleentheid gegee sal word om 'n telefoonoproep te maak nie. Tog móét hy met sy hoof in aanraking kom. En dit kan hy net per telefoon doen.

Die kanse dat hy sy agtervolgers selfs in die middestad sal kan afskud, is maar skraal. Daar is te veel van hulle en hulle is in verskeie motors. Hy kon die Cadillac duidelik sien toe hy netnou in die nasionale pad gedraai het.

Hy leun oor en maak die paneelkassie oop. Sonder om van die pad af weg te kyk, voel hy met sy vingers daarin rond. Hy vind 'n paar ou briewe en rekenings en haal dit uit. In die dowwe gloed van die paneelligte soek hy na 'n koevert waarop sy naam en adres nie verskyn nie.

In sy binnesak is 'n pen, maar hy verwag dat dit nutteloos sal wees, omdat dit nat geword het. Sy klere is nou nog sopnat nadat hy vroeër daar in die dam geduik het. Maar die potlood behoort te skryf.

Hy sit 'n paar van die koeverte opmekaar om 'n stywe blad te vorm. Die leë een is bo-op en hy druk dit teen die stuurwiel vas. Die pad is reguit en hy kan die stuurwiel stil hou. Haastig en so duidelik as moontlik skryf hy in drukletters:

*Bel asseblief 2-0866.*
*Verstrek net hierdie adres:*
*Rushoek (ou opstal), Grootvlei, Constantia.*



Dit is al. Die Hoof sal verstaan.

Hannes is nog jonk. Sy verstand is fris en intelligent. Sy blonde hare is kort geknip en sy gelaatstrekke is skoon en oop. 'n Geruime klompie jare reeds voer hy 'n bestaan van gevaar en intrige. Hy is 'n betreklike jongeling in die Geheime Diens, maar dit het hom ryp gemaak met 'n verstandigheid veel groter as sy jare.

Daar is nou straatlampe op gereelde afstande. Hy hou die enkele voetgangers en die motors om hom heen fyn dop. Die koevert waarop hy die boodskap geskryf het, is liggies opgefrommel.

Die ligte van sy motor val op 'n jong man en meisie van goeie voorkoms wat op die middeleiland van die pad staan en wag vir 'n geleentheid om oor te steek.

Hy verminder nie sy snelheid nie. Hy het die koevert in sy regterhand en steek dit by die venster uit. Toe hy by die paartjie verbyskiet, skreeu hy hard:

„Lees daardie, asseblief!"

Terselfdertyd gooi hy die opgefrommelde koevert voor hul voete neer. Hy kyk terug en hy sien hoe die jong man, duidelik sigbaar in die lig van 'n motor wat van vooraf verbykom, hom 'n oomblik agternastaar. Maar dan, tot sy verligting, tree die man van die eiland af en buk om die koevert op te tel.

Hannes voel tevrede. Die metode waarop die boodskap afgelewer is, behoort die dringendheid daarvan aan die verbaasde paar tuis te bring. Doelbewus verwerp hy die moontlikheid dat hulle dit as 'n gekskeerdery sal beskou. Die gemiddelde mens se natuur-

like nuuskierigheid sal hom op so 'n versoek laat reageer.

Dat hy nou wel 'n telefoonnommer aan 'n vreemdeling verstrek — 'n nommer wat minder bekend is as miskien van die hoogste staatsgeheime — hinder hom nie veel nie. Die Hoof sal weet hoe om die saak te hanteer. Wát ook al later gebeur, as daardie jong man miskien ondersoek instel in verband met die nommer of dit selfs aan die polisie gaan verstrek, enige navraag sal gou genoeg in die kiem gesmoor word.

Nou bly daar nog net die klein valskerm oor. Toe Hannes dit haastig daar uit die dam opgeraap het, was hy 'n ruk lank bekommerd oor wat hy daarmee moet doen. Terug aan wal het hy egter gevind dat dit van die fynste sy vervaardig is en dat dit, ten spyte van die grootte daarvan, opgevou en met gemak in sy baadjiesak gestop kan word. Hy behoort te besef het dat selfs die grootste valskerms in 'n klein bondeltjie opgevou kan word.

As sy agtervolgers hom inhaal, moet hulle dit nie op hom vind nie. Dan sal dit hom miskien nog geluk om hulle te oortuig dat hy niks daar in die dam gevind het nie.

Maar in hierdie opsig het hy dieselfde probleem as wat hy met die telefoonoproep gehad het. Na die polisie kan hy nie gaan nie omdat hy hulle nie eens die fynste agterdog wil laat koester omtrent die gebeure wat aan die gang is nie. Sy vriende durf hy nie nader nie: Hy sal hulle eenvoudig net in lewensgevaar stel. Om 'n openbare plek binne te gaan en



daar van die valskerm ontslae te raak en selfs nog 'n oproep te doen, sal hom ook niks baat nie. Sodra hy daardie handelwyse volg, sal hy die klomp hier agter hom eenvoudig tot gewelddadige en oombliklike optrede dwing.

Hy sal dus maar moet aanhou in 'n poging om hulle af te skud. Slaag hy nie daarin nie, sal hy soveel tyd as moontlik wen voordat hy na die ou verlate gebou in Constantia gaan. Teen daardie tyd behoort die Hoof die boodskap te ontvang het en reëlings getref het om iemand daarheen te stuur.

Hy verminder snelheid toe hy die omgewing van die dokke bereik. Hy draai in Adderleystraat op en 'n sug ontsnap hom toe hy die verkeersligte vóor hom sien oorslaan na groen. Maar dan glimlag hy suur toe hy die Cadillac hier vlak agter hom gewaar. Hy merk nie van die ander motors wat vroeër daardie aand saam met hulle op die geheime sending uit Kaapstad vertrek het nie.

Die strate is redelik woelig. Dit is halfelf en die vermaaklikheidsplekke stort die plesiersoekers op die sypaadjies uit.

Hy ry in die rigting van Tamboerskloof, die voorstad waarin hy 'n woonstel het. Hy weet nou ook net wat hy met die valskerm sal doen.

Hy hoef nie te vinnig te ry nie. Die Cadillac is agter hom, maar hulle sal in hierdie woelige, helder verligte strate niks doen nie — hulle sal hom nie eens probeer voorkeer nie.

Hy tel een van die koeverte langs hom op. Sy naam

is wel voorop geskryf, maar in hierdie geval sal dit nie saak maak nie.

*Liefling,* skryf hy stadig, *vernietig hierdie stuk lap dadelik. Moet vir geen mens ooit daarvan sê of enigeen dit laat sien nie. Vergeet eenvoudig daarvan. Dit is van lewensbelang. Al gebeur wat ook al, moet jou nie daarmee inmeng nie en onthou: ek sal jou altyd liefhê.*

Hy glimlag weemoedig. Hy kan self skaars verstaan waarom hy daardie laaste woorde geskryf het.

En tog weet hy waarom: Hy weet dat die ontmoeting daar in Constantia sy laaste mag wees. Nie omdat sy moed hom begewe nie, maar omdat hy die afgelope paar jaar so dikwels te na aan die dood beweeg het.

As hy Jacqueline weer sien, sal hy die een of ander verduideliking aan haar gee. Sy weet nie wat sy werklike amp is nie en sy moet dit ook nooit uitvind nie. Selfs wanneer hul getroud is, sal hy dit moet wegsteek omdat dit haar net oneindige angsvolle ure sal besorg solank hy op die een of ander taak uit is of met die een of ander ondersoek besig is.

Die straat voor die massiewe blok woonstelle is redelik woelig. Die ingang wat hy gebruik, is in die middel van die gebou. In die groot voorsaal is die rye briewebusse. Jacqueline s'n is die vyfde van syne af, want hy is in nommer tien en sy in nommer vyftien.

Hy trap skielik rem en hou 'n entjie deuskant die ingang stil. Skaars skuur die bande teen die sypaadjie



of hy spring uit. Hy hardloop voluit. Hy gee nie om wat die paar voetgangers dink nie. Sy voorkoms is in elk geval nie te goed versorg nie: Sy klere is nog nat en verkreukeld.

Onder die groot vierkantige letters MEERHOF stamp hy die glasdeure oop. Die valskerm het hy reeds in sy hand. Dit haak aan die growwe hout en skeur toe hy dit in die briewebus afdruk. Hy gooi die koevert waarop hy die boodskap geskryf het agterna.

Angstig loer hy oor sy skouer, maar geeneen van sy agtervolgers het nog by die deur verskyn nie. Miskien is dit nou sy kans om weg te kom. Maar dan klap die deure oop.

Hy storm die trap op. Sy woonstel is op die derde verdieping. Net vlugtig kyk hy met die balkon langs na die deur van Jacqueline se woonstel. Hy verlang skielik oneindig na haar, maar hy durf dit nie waag om selfs 'n enkele woordjie met haar te gaan wissel nie.

Sy hand bewe nie in die minste nie. Hy druk die sleutel in die slot en stamp die deur oop. Hy gooi dit agter hom toe net toe hy voetstappe haastig met die balkon langs hoor aankom.

Sonder aarseling hardloop hy deur na die kombuis. Hy verwerp die gedagte om 'n telefoonoproep te doen. Hulle sal so iets vermoed en kry hulle die deur nie gou genoeg oop nie, sal hulle die slot stukkend skiet. Liewer moet hy probeer ontglip.

Hy spring by die agterdeur uit en met die brandtrap langs af na die agterplaas. Dan ontspan hy. Daar

is drie man daar onder op die parkeerterrein. Van die ander motors het dus ook intussen opgedaag.

Hulle sal hom nie aanrand nie, tensy hy natuurlik iets doen wat dit genoodsaak. Hy moet dus maar verder ry — dis sy enigste uitweg.

Dat minstens een van hulle aangesê sou wees om sy motor deur te soek, betwyfel hy nie. Dit hinder hom egter ook nie.

Hy stap op sy gemak deur die gebou en by die glasdeure uit. Hy glimlag toe hy die oop deur van sy motor sien en die rug van die man wat daarin buk. Hy kan maar soek want daar is niks wat hy sal vind nie.

Hannes kyk vlugtig om hom heen. Daar is heelwat mense weerskante van die straat. Sonder meer stap hy nader.

„Soek jy dalk iets, Kraller?" verneem hy opgewek en hy lag saggies, half uittartend, toe 'n ruk deur die man se massiewe liggaam gaan. Só haastig probeer hy orent kom en op die sypaadjie terugspring dat hy sy kop hard teen die kap van die motor stamp. Hy vryf met sy hand daaraan onderwyl die klein oë wat effens naby mekaar onder sy plat voorkop sit, verstom en half onnosel op Hannes afgluur. Dan skiet sy regterhand na sy baadjiesak.

Hannes skud sy kop laggend. Hy klik berispend met sy tong.

„Nee, ou vriend," sê hy koel, „ons wil nie 'n onaangename toneel hier voor al die mense hê nie, of hoe?"

Verbouereerd kyk die man in die straat op en af.



Hannes ken hom goed. Hy is met min intelligensie bedeel, maar hy is fanatiek in sy lojaliteit aan hulle saak. Andersins is hy eenvoudig 'n bullebak van die eerste water.

„Jou lae verraaier!" sis Kraller dan met sy grommende basstem. „Dink jy jy sal kan wegkom?"

„Maar natuurlik," antwoord Hannes lig. „Trouens, ek ry nou dadelik." Hy weet dat hy nie te veel tyd het om te verkwis nie. Wie hom ook al na die woonstel toe gevolg het, sal nie te lank daar talm nie. Hulle sou gesien het dat hy nie 'n groterige voorwerp met hom saamdra nie. Maar hy voel daarvan oortuig dat hulle op die een of die ander geleentheid, vannag nog, die hele plek sal gaan deursoek. Om daardie rede het hy die valskerm nie in sy eie briewebus gestop nie. Moontlik loer hulle daar ook in.

Ook die drie wat hy in die agterplaas gesien het, kom nou doodluiters deur die hoofingang. Hulle is nie haastig nie. Hulle het geweet dat daar van hul manne hier voor is.

Maar as daar te veel om hom is, mag hulle hom onopsigtelik oorrompel, in die kar stop en wegjaag. Daar is nog 'n paar in die motor laer af in die straat ook.

„As jy roer," begin Kraller dreigend, maar Hannes tree nader en klap die agterdeur wat nog oopstaan toe.

„As jý roer," werp hy teë, „behoort jy te weet wat met jou sal gebeur — niks minder as die doodstraf nie!"

Dit ontstel Kraller. Hy kyk onseker om hom heen.